# Die Wederkoms van Jesus Christus

Die chaotiese en rampspoedige wêreld waarin ons vandag leef, verg van elkeen van ons om die Woord van God te ondersoek sodat ons 'n ware perspektief op daaglikse wêreldgebeure kan verkry. Dan sal ons ook tot die ontdekking kom dat die Wederkoms van Jesus nie meer so ver in die verskiet is soos wat baie mense reken nie.

Die meeste mense, en veral Christene, is bekend met Jesus se eerste koms na die aarde as 'n babatjie. Dit is egter nie almal wat soveel aandag aan Sy Wederkoms na die aarde bestee nie.

Tog is Bybelnavorsers dit eens dat daar 1 845 verwysings in die Bybel gevind kan word met betrekking tot Jesus se Wederkoms. Jesus Self het 21 keer hierna verwys. In die 260 hoofstukke van die Nuwe Testament is daar 318 verwysings na die Wederkoms van Jesus Christus - 8 keer meer as oor Sy eerste koms. Daar is 735 profesieë in die Bybel waarvan 593 reeds vervul is. Dus is ongeveer 80% reeds vervul en kan ons met sekerheid glo dat die res ook in vervulling sal gaan.

Met Jesus se hemelvaart staan die dissipels op die Olyfberg en staar stip na die hemel. Twee engele verskyn aan die verslae dissipels en vertroos hulle:

*"Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het"* (Handelinge 1:11 OV).

Hierna het die dissipels van die Olyfberg weggedraai om terug te keer na Jerusalem. Die engele se woorde het die vertroosting gebring, maar ook bevestig dat Jesus weer sal terugkeer. Sy hemelvaart beteken dus nie dat Hy weggegaan het om nooit weer terug te kom nie. Hy kom wéér! Soos 'n wolk Hom weggeneem het (Handelinge 1:9), so sal Hy wéér terugkom. En Hy sal ook wéér na die Olyfberg terugkeer vanwaar Hy in die eerste plek opgevaar het!

Sagaria 14:4 (OV) beskryf dit soos volg:

*"En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide."*

Geografies lê daar 'n slenkdal ('n dal wat ontstaan deur die daling van die bodem, veroorsaak deur onderaardse verskuiwing), van Noord na Suid in Palestina en hier loop ook die Jordaanrivier. Daar is 'n soort breuk in die aardkors. Hierdie slenkdal strek vanaf die horing van Afrika in die Suide, regdeur die Dooie See, deur die Jordaandal noordwaarts, deur die kom van die meer van Galilea, en tot in Asië in die Noorde. Dit is hierdie slenkdal wat blykbaar onder die drukking in die aardkors sal meegee wanneer Jesus Christus Sy voete op die Olyfberg sal plaas. Hierdie geweldige aardbewing wat sal plaasvind, sal die Olyfberg in twee skeur en die berg Megiddo amper letterlik in 'n dal omskep! Hier sal die Slag van Armageddon dan plaasvind!

Kom ons kyk na nog 'n paar voorbeelde uit die Bybel waar daar na Jesus se Wederkoms verwys word. Jesus het by geleentheid op die Olyfberg gestaan en Sy Wederkoms in dramatiese taal aan Sy dissipels bevestig:

*"Die koms van die Seun van die mens sal wees soos 'n weerligstraal wat in die ooste uitslaan en die hele lugruim tot in die weste verlig... Kort na die verdrukking van daardie tyd sal die son verduister word, en die maan sal nie skyn nie; die sterre sal uit die ruimte val, en die kragte van die hemelruim sal ontwrig word. Dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemelruim verskyn, en al die volke van die aarde sal verslae wees. Hulle sal die Seun van die mens op die wolke van die hemel sien kom met groot krag en majesteit"* (Matteus 24:27, 29-30 NV).

Die apostel Johannes skryf: *"Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf"* (Openbaring 1:7 OV). En Jesus Self bevestig Sy Wederkoms: *"Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou"* (Openbaring 22:20(a) OV).

Wanneer Jesus weer na die aarde terugkeer en Sy voete die Olyfberg raak, sal die berg oopbars en 'n wye deurgang van Jerusalem na Jerigo skep. Hierdie gebeurtenis sal ongeëwenaard in mensegeskiedenis wees! Terwyl Hy die eerste keer in nederigheid en eenvoud aarde gekom het, sal Sy heerlikheid en majesteit hierdie keer skouspelagtig ten toon gestel word vir almal om te sien:

*"Toe het ek gesien die hemel is oop. Daar was 'n wit perd. Sy Ruiter word die Getroue en die Betroubare genoem. Met regverdigheid oordeel Hy en voer Hy oorlog. Sy oë het soos vuur gevlam, en op Sy kop was daar baie heerserskrone. Daar was 'n Naam op Hom geskrywe wat niemand anders ken nie, net Hy self. Hy het klere aangehad wat met bloed deurweek was, en Sy Naam is: 'Die Woord van God.' Op Sy klere, by Sy heupe, was daar 'n Naam geskrywe: 'Die Koning van die konings en die Here van die heersers'"* (Openbaring 19:11-13, 16 NV).

Die profesiekenner, Harry Ironside, gee vir ons insig in die betekenis van die benamings wat in hierdie Skrifgedeelte aan Jesus toegeken word: In hierdie drie name kry ons 'n uiteensetting van eerstens, ons Here se waardigheid as die ewige Seun; tweedens, Sy menswording - die Woord wat vlees geword het; en laastens, Sy wederkoms om te heers as Koning van die konings en Here van die heersers.

Hierdie drie name omvat die hele bediening van die Here Jesus Christus. Die eerste Naam, die een net bekend aan God, dui op Sy intimiteit en eenheid met die Vader en dus Sy ewige bestaan, waarby ingesluit is Sy rol in die Drie-eenheid as Skepper en Onderhouer van die wêreld. Die tweede Naam, die 'Woord van God', gaan terug na die eerste hoofstuk van die Evangelie van Johannes en dui op Sy menswording toe *'die Woord vlees geword het'*, soos 'n mens op aarde geleef het en God aan ons geopenbaar het. Die derde Naam, die majestueuse 'Koning van die konings, en die Here van die heersers', is die titel wat Hy met Sy wederkoms sal hê en wat Sy rol as die oppermagtige Heerser van die hele aarde beskryf.

Toe Jesus aan Johannes verskyn het op die eiland Patmos, het Sy oë *"soos vuur gevlam"* (Lees Openbaring 1:14; 2:18). Ook lees ons in Openbaring 19:12(a), *"Sy oë het soos vuur gevlam, en op Sy kop was daar baie heerserskrone..."* Dit dui op Sy vermoë om diep in die harte van mense en nasies te kyk en alle verborge motiewe en ongeregtigheid raak te sien, en daarom sal Hy as oppermagtige Koning en onbetwiste Regeerder van die hele aarde, 'n regverdige oordeel vel!

Baie mense mag Jesus se Godheid misken en Hom ignoreer, maar wanneer Hy op die Olyfberg verskyn, sal hulle verslae en ontnugter met sekerheid besef dat hulle verkeerd was en nou vir ewig verlore sal wees!

Kom ons buig nóú reeds voor Jesus Christus, neem Hom aan as Verlosser en Saligmaker, en leef in getrouheid en heiligheid voor Hom. Paulus skryf:

*"Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader"* (Filippense 2:5-11 OV).

Uiteindelik sal elke tong moet bely dat Jesus Christus die HERE is en elke persoon sal die knie moet buig in onderdanigheid aan HOM!

*- 5 voor Middernag? Japie en Huegene Venter, Rainbow Publishers, Potchefstroom, 2011.*

***As u meer oor hierdie onderwerp wil lees, koop onderstaande boek, "5 voor Middernag?" by die outeurs (018 293 1996 / 074 254 2319), Protea Boekwinkel (Potchefstroom) 018 297 1583/4, El Shaddai (Klerksdorp) 018 468 4405, of aanlyn: www.kalahari.com. Sien ook ons webblad www.5voormiddernag.com vir meer inligting.***


